

E-pos met 'n bevestigingskakel is na jou toe gestuur om jou rekening te aktiveer.

[Stuur weer](#)

MENINGS

Fees van vrae, antwoorde en nog meer vrae

Deur **Martie Retief Meiring** | 09 Maart 2017 12:30



Soveel woorde. Soveel vrae. Soveel menings. Soveel antwoorde. Of geen antwoorde nie. Soveel ja-nees, soveel jy móét dit sien, soveel gaan kyk tog na dié of daai.

Ons dorp hou Woordfees. Woorde, klank en kleur. Dis altyd so met 'n fees, die jaarlikse inneem en opdam van inligting, indrukke en plesier. Besoekers van Nederland en Duitsland beskryf dit as 'n

Afrikaanse fees, maar hier hoor jy Engels, Xhosa en selfs Vlaams.

Elke jaar is ons verbaas oor die genieting, die drang en die sweet-afvee. En menings. "Hierdie jaar is die vloekwoorde oral te hoor, maar mense loop nie meer uit nie." Of: "Hier is so baie jongmense hierdie jaar – 'n goeie teken, nè?"

Ook: "Wil oumense regtig kyk na stukke oor oumense met al hul lawwigheid en siektes en komplikasies?" (Die antwoord blyk ja te wees – oumense gaan kyk na ander oumense se dinge.)

Op 'n dag verdedig Zapiro sy reg om aanstoot te gee. Herinner ons aan die ontstigende spotprent van Jacob Zuma en sy kalante rondom die verkragting van Vrou Justitia.

Later lewer André Odendaal 'n onvergeetlike optrede van 'n drinker in sy eensaamheid. Oorkant die teater bak Koelsoem en Flori "soet goete" voor 'n waarderende gehoor. Die aand weerklink klanke, kitare, sang en algemene opruiery dwarsdeur die dorp.

Ons verwonder ons. Niemand praat meer van 'n boerebasaar nie. Die gespreksvenues is vol. Almal wil Sandra Prinsloo sien. Die bands bly nie agter nie.

“ NIEMAND PRAAT MEER VAN 'N BOEREBASAAR NIE. ”

Aangrypend is die kwessie van bruin wees. Sylvia Vollenhoven, gerekende aktivis, verklaar haarself nou 'n Khoi-San. Dié vurige, welsprekende vrou herinner ons dat die Khoi-San die eerste mense was wat teen die koloniste opgetree het.

Willa Boezak, steeds aktivis, verwerp die kleurbeskrywing. In die koloniale tye was dit people of colour; onder apartheid was dit kleurling. Boesak noem ons 'n potjiekoskultuur.

Kabbols Joggom, ook bekend as Hubert Matthews, 'n vurige en aangename vuurvreter

HOOFTREKKE GEWILDSTE

Hondjie se oor afgesny, oog uitgehaal

Graeme en Morgan nou amptelik geskei

SA het meer fokusskole nodig, meen Motshekga

'Dit was nie bedoeling om ANA's te boikot' - Sadou

Dlamini-hulle moet sê waarom hulle spertyd mis

Kry jou e-koerant van vandag **HIER!**

Beeld DIE BURGER Volksblad Rapport

NETWERK24 Stemme

Johann Maarman Rubriekskrywer

Johann Maarman is 'n adjunk-redakteur van Die Burger en 'n bekroonde rubriekskrywer.



In oom Zuma se fantasiewêreld

Staatsrede vir die knievallers

Luister & Lees



Blou Maan
Koos Kombuis



Sonvander (Live)



ALLE REGTE VOORBEHOU © 2017 MEDIA24

In hierdie Praat Saam-bespreking bel 'n vrouestem. Die vermenging van bruin en wit is teen die Bybel. 'n Asemintreksug gaan deur die gehoor. Die jongman langs my, witter as ek, vertel dat sy ma 'n sogenaamde baster was wat met 'n Duitser getrou het. Hoe beskryf hy homself nou?

Elders troos prof. Anthony Butler dat ons land polities en ekonomies nog nie op die afdraande-spiraal is nie. Prof. Jannie Rossouw, ernstig krities oor die land, reken ons het darem nog tot 2059 voor ineenstorting.

Tony Leon wonder of 'n "peace accord" nie nodig kan wees nie.

Ek kry 'n vriend op 'n bank sit. "Dink jy Daniël du Plessis is reg vir nr. 12?" O heng, dink ek, nóg 'n vraag.

Meer Stories

- [My slimfoon slaan toe haar eie koers in](#)
- [Al maak Fica jou mal, dit is 'n goeie wet](#)
- [Martie Retief-Meiring: Lint en 'n strik of twee kan mos alles oplos](#)

MyStem: Het jy meer op die hart?

Stuur jou mening van 300 woorde of minder na MyStem@netwerk24.com en ons sal dit vir publikasie oorweeg. Onthou om jou naam en van, 'n kop-en-skouers foto en jou dorp of stad in te sluit.

Ons kommentaarbeleid

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar hierdie is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Lees ons volledige kommentaarbeleid [hier](#)



Welcome to Disqus! Discover more great discussions just like this one. We're a lot more than comments.

Val Weg

Dismiss ×

2 Reaksies **Netwerk24**

Sylvia Vollenhoven ▾

Recommend **Deel**

Rangskik volgens Beste ▾



Join the discussion...



Gerrie Rothmann • 5 dae gelede

Jou dorp se fees is op my "bucket list".

1 ^ | ▾ • Reageer • Deel ▾



PJ Du Plessis • 5 dae gelede

Ja die sogenaamde bruin mense bly maar aan die agterspeen suig. Ek sien nou die aand op die nuus hulle word vir kwota doeleindes as Generic Africans beskryf! Ek kan my kwalik 'n groter belediging indink.

^ | ▾ • Reageer • Deel ▾

Teken in Voeg Disqus toe tot u webwerf Add Disqus Add Privaatheid

WORD 'N INTEKENAAR

MELD AF



Ruan Josh



Soos Reen
Henrico Coetzer



Raak Vir My Rustig
Snotkop



Jy Slaan My Asem W...
Neil Somers



komonsklik

DEEL VAN NETWERK24

MANS

VROUE



1411

Ek is baie liefdevolle mens en is baie lief vir kinders. Is ook lief vir uitstappies bv visvang en hou ook daarvan om rustig by die huis te

[Sien die Profiel](#)



Angelminded

Ek hou van gesels, familie is vir my belangrik. Ek het baie sterk waardes maar hou van pret. Slegs as jy respek het vir jouself kan jy

[Sien die Profiel](#)



soekjmy

Ek vra mooi, moenie net kyk nie. Doen moeite en gesels met my ek byt nie en is nie verbode vrugte nie. Ek lyk dalk hoogmoedig,

[Sien die Profiel](#)

Wys Meer

SOEK

